Die Burger, 26 Oktober 2016 p 3.

REAKSIE OP WYNBEDRYF-DOKUMENTÊR

‘Dit doen meer skade as goed’

Malherbe Nienaber

Dreigemente om Suid-Afrikaanse wyn van winkelrakke te verwyder is ’n “ooreenvoudige en onvolhoubare” reaksie van kleinhandelaars wat eerder met die wynbedryf moet saamwerk.

Ongegronde aantygings dat werkers op wynplase uitgebuit word, kan ook meer skade as goed doen.

Só het die Solera Beverage Group, wat wyne van die Robertson Winery in Swede verkoop, gesê in reaksie op die besluit van ’n Deense kettingwinkel om sekere Suid-Afrikaanse wyne nie meer te verkoop nie in die lig van die arbeidstoestande op wynplase.

Die omstandighede van plaaswerkers in Suid-Afrika is verlede week onder die vergrootglas geplaas in die dokumentêre prent *Bitter Grapes – Slavery in the Vineyards* wat in Skandinawië uitgesaai is.

In dié prent besoek Tom Heinemann, ’n Deense ondersoekende joernalis, plaaswerkers en word beweer dat wynmakers die werkers minder as die minimum loon betaal, buitensporige bedrae van hul lone aftrek en werkers onwettig afgedank en van plase afgesit het.

Intussen is Robertson se wyne van die winkelgroep Dagrofa se rakke verwyder, terwyl die wynmaker daarop wys dat hy onderhewig is aan ouditering van internasionaal geakkrediteerde agentskappe wat werkers se regte en regverdige arbeidspraktyke verseker.

Die winkels Pisiffik en Spar in Groenland, wat deur Dagrofa bedryf word, het ook Donderdag aangedui dat alle wyne van Robertson Winery van hul rakke verwyder word.

Tom Heinemann, rolprentmaker en ondersoekende joernalis.

“Ons bevraagteken talle van die feite en die metodologie waarop die dokumentêr gegrond is.

Dit is besluit in die lig van die toestande wat in Heinemann se dokumentêr uitgelig is, en die kettingwinkel sê hy weier om produkte te verkoop wat onder “verdagte omstandighede” vervaardig is.

Martin Horwitz, hoof van korporatiewe verantwoordelikheid by Solera, sê die maatskappy glo nie die dokumentêr bied ’n objektiewe, gebalanseerde beeld van die wynbedryf nie “omdat dit net op een en dieselfde bron van kritiek gegrond is”.

“Ons bevraagteken talle van die feite en die metodologie waarop die dokumentêr gegrond is,” sê Horwitz.

Hy sê gegewe dat die belastingbetalers van Skandinawiese lande die dokumentêr gedeeltelik gefinansier het, behoort dit hoër standaarde van onpartydigheid, professionaliteit en selfkritiek as ander media te hê.

Volgens Horwitz het TV-kanale die dokumentêr aangekoop sonder om die gehalte na te gaan en het hulle Heinemann “blindelings vertrou”.

Dit het tot gevolg gehad dat Robertson Winery as die “slegste voorbeeld” in die prent uitgebeeld is, terwyl Solera die wynmaker se verbeterings “nie langer kan ontken of ignoreer nie”.

“Dit is moeilik om die stellings in die prent te aanvaar wanneer ons weet daar is goeie vordering in Suid-Afrika en reuse-uitdagings op maatskaplik-ekonomiese gebied moet nie onderskat word nie.”

Werkers pluk druiwe op ’n wynplaas in ’n skermgreep van die dokumentêr Bitter Grapes deur die Deense rolprentmaker Tom Heinemann. Sommige Suid-Afrikaanse wyne is verlede week van Deense supermarkte se rakke verwyder nadat die prent in Skandinawië uitgesaai is. Foto: SKERMGREEP

‘Nie alle Suid-Afrikaanse wyn is verwyder’

Malherbe Nienaber

Die staatsbeheerde drankwinkelgroep in Swede sal aanhou om met Suid-Afrika handel te dryf met spesifieke vereistes ten opsigte van volhoubare ontwikkeling en regverdige arbeidspraktyke.

Systembolaget het dié versekering gister gegee te midde van berigte dat Suid-Afrikaanse wyn in Denemarke van winkelrakke verwyder word.

“Handel gepaard met duidelike vereistes wat aan produsente gestel word, is die beste manier waarop ons kan bydra tot voordelige ontwikkeling in sulke lande,” sê Ida Ingerö van Systembolaget.

“Niks sal in Suid-Afrika verbeter indien Systembolaget ophou wyn koop en arbeiders hul werk verloor nie.”

In die dokumentêre program *Bitter Grapes – Slavery in the Vineyards*, wat verlede week in Denemarke en Swede uitgesaai is, word wynboere daarvan beskuldig dat werkers minder as die minimum loon kry, hulle basiese regte ontsê word en hulle onwettig afgedank en van plase afgesit word.

Op grond daarvan het die kettingwinkelgroep Dagrofa in Denemarke en Groenland sommige Suid-Afrikaanse wyn van sy rakke verwyder.

Andrew Milne, uitvoerende hoof van die Spier-landgoed, sê Denemarke is ’n belangrike uitvoermark vir sy wyne.

“Spier bly verbind tot sy werkers, die gemeenskap en maatskaplike verantwoordelikhede.”

“Niks sal in Suid-Afrika verbeter indien Systembolaget ophou wyn koop en arbeiders hul werk verloor nie.

Pieter Carstern, wynmaker op Leeuwenkuil, sê dié kelder het met Systembolaget ooreengekom om die bewerings teen hom in ’n onafhanklike oudit te laat ondersoek en geen ernstige probleme is gevind nie.

Dagrofa het gister bevestig nie alle Suid-Afrikaanse wyn is verwyder nie, slegs dié van Robertson Winery terwyl ’n oudit deur ’n derde party gedoen word.

Systembolaget het Woensdag in ’n verklaring gesê die dokumentêr wat op die kanaal SVT uitgesaai is, bevat verskeie foute. “Suid-Afrika is ’n land met talle uitdagings en hoë vlakke van armoede. Arbeiders is kwesbaar en Systembolaget probeer hul toestand verbeter.”

Robertson Winery het in reaksie op die dokumentêr gesê arbeiders op intreevlak ontvang ’n totale pakket van R4 426 per maand, wat bonusse en gratis mediese dienste uitsluit. Die minimum loon vir plaaswerkers wat nege uur per dag werk, is R2 778,83 per maand.